

# **WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO**

Reeks H: Inougerule Rede nr. 92

## **TEKS, SINTAKSIS EN EKSEGESE**

**H.F. van Rooy**

Rede uitgespreek op Vrydag, 14 Oktober 1983 by die aanvaarding van Professoraat in Ou Testament aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

**Departement Sentrale Publikasies**  
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys  
Potchefstroom  
1984

# TEKS, SINTAKSIS EN EKSEGESE

## 1. Inleiding

Die bestaan van 'n departement Semitiese Tale aan 'n universiteit soos die PU vir CHO hang ten nouste saam met die feit dat minstens twee jaar studie in Hebreeus as voorvereiste geld vir die teologiese studie in die inrigtings van die drie Afrikaanse Kerke in Suid-Afrika. Natuurlik is die ondersoekterrein van die departement veel breër as dit wat onmiddellik by die vooropleiding van voornemende teologiese studente betrokke is. So bied die departement Semitiese Tale kursusse aan in Bybelse Hebreeus en Aramees maar ook in buite-Bybelse Hebreeus, soos die taal van die Mishna, in Oud- en Ryksaramees en ander Aramese dialekte soos Siries, in Arabies, Ugarities en Akkadies. Om iets van die omvang hiervan te laat verstaan kan gemeld word dat daar Akkadiese tekste beskikbaar is uit 'n periode van meer as tweeduisend jaar en dat die taal normaalweg in nege fases met belangrike dialektiese of ander verskille verdeel word, van Oud-Akkadies, van ongeveer 2500 v.C., tot Nieu-Babilonies, tot ongeveer die begin van die Christelike jaartelling (Moscati, 1969:6). By al hierdie dinge wat binne die gebied van die departement val, bly die vernaamste taak op voorgraadse vlak die vooropleiding van teologiese studente. Daarom is dit nodig dat weer oor hierdie taak besin moet word, veral om te sorg dat die klem in die aanbieding op die regte aspekte van die onderrig geplaas word. Met hierdie doel voor oë word eers na die basiese materiaal vir die Hebreeuse grammatika en die eksegeese van die Ou Testament gekyk en daarna die belang van sintaksis aangedui, ook as die vernaamste brug van die teks na die eksegeese.

## 2. Teks

In die bestudering van Bybelse Hebreeus moet voldoende daarmee rekening gehou word dat dit nie meer 'n gesproke taal is nie maar 'n taal wat alleen maar aan die hand van 'n geskrewe teks geken en bestudeer kan word (Jenni, 1981:11; Richter 1978:6), en dan boonop 'n teks wat 'n heel besondere karakter vertoon. Die Hebreeuse alfabet, wat uit die sogenaamde Foenisiese alfabet ontwikkel het, is oorspronklik bloot konsonanties van aard - sonder enige aanduiding van vokale of dat 'n konsonant twee keer na mekaar voorkom. In Afrikaans sou dit

beteken dat 'n mens net *dm* skryf - en dit kan dan gelees word as *dam*, *damme*, *dame*, *duim*, *duime*, *dom* of *domme*. In hierdie vorm - sonder vokale - is die boeke van die Ou Testament baie jare lank oorgelewer. Die Ou Testament soos dit vandag gedruk word, het egter vokale by, in die vorm van strepies en kolletjies wat onder of soms bo en in die tekens vir die konsonante gevoeg is. Hierdie vokalisasie is 'n latere byvoeging by die konsonanteteks en geniet nie dieselfde status as die konsonantiese teks nie, wat aan die einde van die eerste eeu na Christus 'n gestandaardiseerde vorm verkry het (Deist, 1978:51). Die Joodse geleerdes wat die teks versorg het, het 'n sisteem ontwikkel hoe om vokale by hierdie teks te voeg om aan te dui hoe die woorde uitgespreek moet word. Die uitspraak wat hierdeur aangedui word, sluit aan by die Joodse tradisie van die voorlees van die Ou Testament in die sinagoges, 'n tradisie wat self heelwat jonger as die konsonantiese teks is (Deist, 1978:74).

Daar was inderdaad meer as een poging tot vokalisasie van die teks, en drie hoofskole kan onderskei word, naamlik die Babiloniese, Palestynse en Tiberiese sisteme. Laasgenoemde het algaande die ander twee verdring, sodat die teks van gedrukte Hebreeuse Ou Testamente deurgaans daarop gebaseer is. Wat belangrik is om te onthou, is dat hierdie vokalisasie 'n interpretasie weergee van die ongevokaliseerde teks - en meermale is ander interpretasies moontlik, soos byvoorbeeld uit die ou vertalings van die Ou Testament blyk.

'n Klein voorbeeld hiervan word aangetref in Gen. 17:15, waar Sarai se naam na Sara verander word. Die LXX, die Griekse vertaling van die Ou Testament, vertaal die betrokke gedeelte: Wat Sarai jou vrou betref, haar naam moet nie meer Sarai genoem word nie, maar Sara moet haar naam wees. Die Vulgaat, 'n Latynse vertaling, vertaal met: Jy moet Sarai, jou vrou, nie Sarai noem nie, maar Sara. Die Massoretiese teks het: Jy moet Sarai jou vrou nie meer Sarai noem nie, maar Sara moet haar naam wees. Die Vulgaat stem dus grotendeels met die Massoretiese teks ooreen, terwyl die LXX 'n passiewe vorm het waar die ander twee Abraham as onderwerp van die werkwoord *noem* het. In Hebreeus is die konsonante van die woord vir beide interpretasies vatbaar, met bloot verskillende vokalisasies. Die werkwoord is *qārā'*, en die spesifiekere vorm kry 'n *t* vooraan vir albei interpretasies. Dit klink net verskillend, naamlik *tīarā'* teenoor *tīaāre'*.

By die bestudering van die teks van die Ou Testament moet dus daaraan vasgehou word dat die vokalisasie dateer uit 'n tyd toe Hebréus - Bybelse Hebréus, spesifiek - nie meer 'n omgangstaal was nie. Dit is nog in die kultus (in die sinagoge) gehoor en nog in die teologiese gebruik. Selds die uitspraak van die konsonante word hierdeur onseker gemaak en die uitspraak van vokale soveel te meer (Richter, 1978:6). Deur die wyse waarop die Hebréuse teks oorgelewer is, is die uitspraak en ook die vorme gestandaardiseer. In werklikheid het hierdie standaardisering interne verskille in die Bybelse Hebréus geharmonieer. Die ontstaentyd van die teks van die Ou-Testamentiese boeke strek oor 'n periode van seshonderd tot agthonderd jaar (Richter, 1978:7), van die oudste geskrewe gedeeltes tot by die afronding van die jongste boeke in die Ou Testament. Dit kan alleen maar logies wees dat die taal oor hierdie periode sekere ontwikkelinge ondergaan het, waarvan alleen maar geringe spore in die teks soos gestandaardiseer oorgebly het. Ongeveer 'n verdere driehonderd jaar het verloop sedert die voltooiing van die jongste boeke in die Ou Testament en die standaardisering van die konsonantiese teks. Hierby kom nog 'n verdere negeehonderd jaar tot die standaardisering van die vokalisasie van die Massoretiese teks, wat deur die meeste gedrukte Bybels gevolg word. Dit het dus die gevolg dat die teks van die Massoretiese Ou Testament die eindproduk is van 'n ontwikkeling wat in die geval van die oudste geskrewe gedeeltes van die Ou Testament oor bykans tweeduisend jaar plaasgevind het.

'n Belangrike vraag vir die Hebréuse grammatika en vir die eksegetiese is dus watter stadium in hierdie lang ontwikkeling die studievowerp moet wees. Sommige geleerdes, soos Richter (1971, 1978 en 1980) en Beyer (1969) is van mening dat 'n egte Oud-Hebréuse grammatika opgestel moet word, met verontagsaming van die Massoretiese tradisie en 'n hipotetiese rekonstruksie van vorme en verbindings soos dit in die tyd van die Ou Testament moes gewees het. Hieruit volg vorme wat soms ingrypend afwyk van wat in die Massoretiese teks staan, soos *malk* vir die Massoretiese *melek* (koning), *zaqin* vir *zāqēn* (oud) en *wa* vir die koppelwoord *w<sup>a</sup>* (en). Alhoewel so 'n standpunt sekere meriete het, het dit die nadeel dat die relatief eenvoudige Massoretiese sisteem deur 'n grotendeels hipoteties gerekonstrueerde sisteem vervang word.

Keller, wat so 'n poging afwys, wil weer dat die konsonantiese teks - verbind aan 'n mondelinge onderrig en afrigting - as basis vir die bestudering van Hebréus dien (Keller, 1970:179). Die onderrig moet met

eenvoudige transkripsie begin ter ondersteuning van 'n mondelinge inoefening van 'n basiese woordeskat en die elemente van die taal. Parallel hieraan moet na 'n tydjie begin word met die konsonantiese skrifbeeld van wat reeds geleer is - met inagneming van die meerduidigheid van 'n bloot konsonantiese teks. As derde fase volg die bestudering van die oorspronklike konsonantiese teks, nadat telkens die nuwe woordeskat ingeoefen is. As laaste fase word die gevokaliseerde teks bestudeer (Keller, 1970:284-286). Dit alles moet so ingeoefen word dat tekste nie maar vertaal word nie, want as vertaling die doel van die onderrig is, is dit 'n vermorsing van tyd. Deur hierdie inoefening moet die student die teks sonder vertaling verstaan (Keller, 1970:279). Alhoewel onderrig volgens hierdie patroon sinvol kan wees, sal dit nie in die huidige stelsel toegepas kan word nie. Dit sal in klein groepies gedoen moet word, en die personeelbehoefes sal daardeur nog verder vergroot word bo wat die personeeltoekenning kan dra. Verder probeer hierdie metode Bybelse Hebreeus as 'n gesproke taal benader, wat dit in sy Massoretiese vorm nooit was nie. Hierdeur kom die feit dat Bybelse Hebreeus toespits op literêre tekste nie tot sy reg nie. Bybelse Hebreeus is nie 'n taal in die ware sin van die woord nie maar hoogstens net 'n linguistiese fragment (Ullendorf, 1977: 16).

Hierteenoor stel Jenni (1981:16) dat vir die primêre onderrig van Bybelse Hebreeus en vir die eksegeese die verskille tussen die Massoretiese Hebreeus en die egte Oud-Hebreeus nie eintlik van belang is nie. Bloot uit praktiese oorwegings sou dan vir 'n Massoretiese grammatika gekies kon word. Om dit so te stel is miskien weer 'n ooreenvoudiging van die verskille. Indien die Oud-Hebreeuse vorme soos deur Richter gestel, gevolg word, verval die belangrike onderskeid tussen die imperfektum met *waw*-kopulatief en *waw*-konsekutief (*w<sup>e</sup>yiqṭōl* en *wayyiqṭōl*), omdat die koppelwoord dan konsekwent as *wa* gelees word. Hiermee saam verval die hele uiteensetting gebaseer op die Massoretiese vokalisasie dat die imperfektum (wat meermale wat tyd betref op die toekoms dui) die funksie van 'n perfektum (wat meermale op die verlede dui) kan oorneem wanneer die koppelwoord *wa* (en nie *w<sup>e</sup>* nie) daarvoor gevoeg word. Daarteenoor stel Johnson (1979:23) dat hierdie vokalisasie van die imperfektum met *w<sup>e</sup>* of *wa* nie uitgegooi moet word nie en dat die taal van die Ou Testament benader moet word soos die Massorete dit verstaan het. Om hier nie die studente in teorieë en hipotetiese Oud-Hebreeuse vorme te laat verdrink nie, bly hierdie uitgangspunt die mees

praktiese - maar dan moet steeds in gedagte gehou word dat elke individuele Massoretiese vokalisasie 'n interpretasie bly (selfs al word die Massoretiese grammatika vir die onderrig aanvaar). Die saak van meerduidigheid moet dus in die bestudering van die teks in gedagte gehou word.

### 3. Sintaksis

In die aanleer van klassieke tale soos Hebreeus - en ook Grieks en Latyn - is daar sekere basiese gegewens waarsonder nie gewerk kan word nie. Vir die beginner in Hebreeus is die Hebreeuse alfabet die eerste nagmerrie. Daarna moet daar met die vorme van woorde in Hebreeus geworstel word - en dit is heel dikwels 'n worsteling, veral as die twee basiese probleme wat Smith (1979:3) aangedui het, in gedagte gehou word, naamlik 'n gebrek aan motivering by die studente (wat dikwels die vooropleiding beleef as 'n woestynreis na die beloofde land van die teologiese studie) en die feit dat twee jaar opleiding op tersiêre vlak nie voldoende is om die taal behoorlik onder die knie te kry met die oog op eksegetiese nie. Die gevolg hiervan kan wees dat die student so met die vorme van woorde besig gehou word dat daar nie werklik by die tekssamehange uitgekóm word nie (Smith, 1979:6,7). Weens die besondere aard van die Hebreeuse werkwoordsisteem is die werkwoord meermale nog 'n nagmerrie vir die beginner. Elke werkwoord in Hebreeus het teoreties 295 vorme. Indien in gedagte gehou word dat benewens die reëlmatige werkwoord veertien hoof- en/of subgroepe onreëlmatige werkwoorde voorkom, is daar teoreties meer as 4 300 werkwoordvorme wat die student moet kan herken of selfs weergee. Daarby kom nog die 24 vorme wat elke naamwoord in Hebreeus kan aanneem, en die 11 vorme van die meeste voorsetsels. Dit saam gee 'n totaal van meer as 6 000 verboë of vervoegde vorme wat die student onder beheer moet kry. Dit klink erger as wat dit is - anders sou geen student ooit die eerste jaar in een jaar kon voltooi nie. Daar is sekere patrone wat telkens herhaal - maar tog bly dit 'n groot opgaaf om al hierdie vorme onder beheer te kry, met die gevolg dat die sintaksis (sinsleer) maklik in die onderrig verwaarloos kan word. Die vorme is die basiese materiaal, maar as sodanig bied dit alleen maar die beginpunt van die taalvaardigheid en die eksegetiese. Daarom word hierdie deel van die onderrig tans tot die eerste studiejaar beperk om so spoedig moontlik by dit te kom waarop die eksegetiese arbeid veral moet berus: die kennis van

die tekssamehange in die Hebreeuse Ou Testament.

Wat die benadering in die Hebreeuse grammatika in die algemeen en die sintaksis in die besonder betref, kan verskillende uitgangspunte of invalshoeke deur die eeue heen onderskei word. Die Massorete self, aan wie enige studie van die Hebreeuse grammatika baie verskuldig is, was veral bekommerd oor die oorlewering van die Bybelse teks en die korrekte uitspraak daarvan. Hulle het 'n standaardisering in die teks bewerkstellig en die grondslag gelê waarop die bestudering van die Hebreeuse grammatika en sintaksis deur die eeue voortgebou het (Bacher, 1974:8). Daarna het 'n lang periode gevolg, veral van ongeveer 1000 n.C. af, waarin die studie van Hebreeuse grammatika en sintaksis baie sterk deur die Arabiese filologie beïnvloed is. Dit was feitlik uitsluitlik die Jode self wat hulle in hierdie tyd met die studie van die Ou Testament in Hebreeus besig gehou het, omdat die Christelike kerk toe grotendeels tevrede was met die Vulgaat (die Latynse vertaling van die Bybel). Die Jode wat hulle met die studie van die Hebreeuse grammatika besig gehou het, het grotendeels in lande onder Mohammedaanse bewind gewoon. Vir baie Jode was Arabies die omgangstaal en in elk geval die wetenskapstaal, sodat van die belangrike werke uit hierdie periode oor die Hebreeuse grammatika meermale in Arabies geskryf was, met 'n sistematisering wat grotendeels uit Arabies oorgeneem is. Die nadeel van so 'n benadering is dat daar nie 'n grammatikale sisteem vir Hebreeus self ontwerp is nie maar een uit 'n ander taal oorgeneem en aangepas is. Hierteenoor is Arabies natuurlik ook 'n Semitiese taal, met baie eienskappe gemeenskaplik tussen Hebreeus en Arabies, sodat die gaping wat oorbrug moes word, nie altyd te groot was nie.

Toe die Christene in Hebreeus belang begin stel het, veral ook sedert die Hervorming, is aanvanklik sterk by die Joodse grammatici van die Middeleeue aangesluit, maar algaande is wel meer 'n eie koers ingegaan, met sterker beïnvloeding vanuit die klassieke grammatika, spesifiek van Latyn en Grieks. Selfs ten opsigte van terminologie is al hoe meer by die klassieke grammatika aangesluit, met die gevolg dat terminologie vir Hebreeus begin gebruik is wat nie altyd goed daarby gepas het nie (Muraoka, 1978:495). Hiervan kan miskien net twee voorbeelde gegee word.

Sedert vroeg in die vorige eeu het dit gebruik geword om die twee ver-

voegings van die werkwoord in Hebreeus die perfektum en die imperfektum te noem. Hierdie benamings kom van Ewald, wat die terme in 1831 gebruik het ten opsigte van die ooreenstemmende twee vervoegings in Arabies. Hy het gestel dat die een vervoeging dui op *rem perfectam eoque certam* en die ander op *rem nondum perfectam eoque incertam*, dit wil sê 'n voltooide of sekere saak aan die een kant en 'n onvoltooide of onseker saak aan die ander kant (Johnson, 1979:11). Hierdie benamings, wat saamhang met die sogenaamde aspektheorie ten opsigte van die twee vervoegings waarvolgens die een op voltooide en die ander op onvoltooide handeling dui, veroorsaak verwarring by studente weens die verwarring met die Griekse en Latynse vervoegings met dieselfde name.

Die ander voorbeeld het te doen met die verskynsel wat algemeen benoem word met die term etiese datief (*dativus ethicus*). Dit is die gebruik om by een of ander bevelsvorm die voorsetsel *ῥ* te voeg met 'n voornaamwoordelike agtervoegsel van dieselfde persoon, geslag en getal as die onderwerp van die bevelsvorm. Die benaming etiese datief is uit die klassieke grammatika oorgeneem, afgesien daarvan dat Hebreeus nooit 'n naamval gehad het wat met die Latynse of Griekse datief ooreenstem nie. Verder word die etiese datief in die klassieke grammatika gebruik om te impliseer dat iemand anders as die onderwerp en voorwerp van 'n handeling daarby betrokke is (Muraoka, 1978:495). Hierdie term pas dus juis nie by die Hebreeuse gebruik nie, waar die persoonsagtervoegsel aan die voorsetsel met die onderwerp van die werkwoord ooreenstem. Muraoka (1978:496) noem hierdie geval een van die waar daar volstaan is met 'n naam aan die verskynsel te gee, asof 'n naam die probleem oplos. Hy meen eerder dat hierdie gebruik sentripetale krag het, om die afsondering van die onderwerp aan te dui (1978:497). 'n Ander moontlikheid is dat die voorsetsel *ῥ* hier eerder gebruik word om die onderwerp van die bevelsvorm te versterk (Whitley, 1974/5:225).

In die negentiende eeu het 'n nuwe benadering op die voorgrond getree, veral weens die grondliggende werk van Gesenius. Die vergelykende taalkunde het die studie van Hebreeus sterk beïnvloed, en deur 'n vergelykende studie van verskillende Semitiese tale is baie sake verhelder. Die gevolge van hierdie benadering werk nog steeds in baie moderne werke deur, en meermale word die bevindings van die verge-



lykende taalkunde op die gebied van Hebreeus bevestig deur moderne studies wat ander modelle gebruik. 'n Voorbeeld hiervan is Gross se studie van die imperfektum met *waw*-konsekutief, waarin hy bevind dat dit gebruik kan word vir alles waarvoor die perfektum ook gebruik kan word (1976:163), 'n bevinding wat presies op een lyn is met die siening van die tradisionele Hebreeuse grammatika.

Daar word vandag ook gepoog om met metodes van die moderne linguistiek die Hebreeuse grammatika te benader. Barr (1979:62) onderskei inderdaad drie groepe studies, naamlik die wat nog steeds aan die vergelykend-historiese model vashou, die wat nuwe terminologie gebruik maar nie werklik met die vergelykend-historiese model gebreek het nie, en die wat werklik van die metodes van die moderne linguistiek spreek. 'n Voorbeeld van die tweede groep is die grammatika van Jenni (1981). Hy gebruik meermale nuwere terminologie, soos *tema* en *rhema* (1981:95) en Richter se omgekeerde verbale sin (1981:71) maar sluit nog in baie opsigte aan by Gesenius, die vader van die moderne Hebreeuse grammatika (1981:91). Dit geld byvoorbeeld van die onderskeid tussen nominale en verbale sinne (1981:60), die aspektheorie ten opsigte van die werkwoordvervoegings, waar die perfektum op afgehandelde (voltooide) handeling dui en die imperfektum op onvoltooide handeling (1981:97) en die gebruike van die twee vervoegings, wat steeds nou by Gesenius aansluit (1981:264, 265).

Voorbeelde van die derde groep is die werk van Anderson, Richter en Kaddari. Anderson werk met die tagmeem-teorie in noue aansluiting by Pike (Anderson, 1970:26). Dit is, soos die meeste moderne benaderings, baie sterk beskrywend van aard - en moeilik bruikbaar vir die onderlig van die sintaksis van Bybelse Hebreeus. Die student sal eers in hierdie teorie ingelei moet word - en dit sal alleen sy moeite om Hebreeuse sintaksis te bemaatig, vererger.

Wolfgang Richter werk weer met die model van die transformasionele grammatika maar moet sekere aanpassings maak om die model vir Hebreeus bruikbaar te maak. Dit geld byvoorbeeld van die handhawing van die onderskeid tussen nominale en verbale sinne (Richter 1980:11), iets wat in die transformasionele grammatika laat vaar is by die beskrywing van alle sinne as basies bestaande uit 'n naamwoordstuk en 'n werkwoordstuk. Soms word die indruk gelaat dat al die skrywers

wat hierdie model op Bybelse Hebreeus probeer toepas, nie altyd presies weet wat aangaan nie. So praat Richter (1980:51) van 'n "*Kernsatz*", wat by 'n verbale sin uit die predikaat en die onderwerp bestaan. Dit is weer iets anders wat Els (1978:14) bedoel wanneer hy stel dat die dieptestruktuur "die onderliggende eenvoudige en eksplisiet-informerende kernsinne waaruit die saamgestelde sinne op die oppervlaktestruktuur saamgevoeg is". Richter se model is so ingewikkeld en omvangryk dat ook dit nie bruikbaar is vir die onderrig van die sintaksis van Bybelse Hebreeus aan voornemende predikante nie.

Dit beteken nie dat hierdie model nie meermale gebruik kan word om sekere probleme op te klaar nie. 'n Treffende voorbeeld hiervan is Kaddari (1982) se poging tot verklaring van 'n verskynsel in die dubbele bywoordelike bepaling in Hebreeus. In Ex. 13:3 staan daar: "Julle het uit Egipte, uit die slawehuis uitgegaan". In Hebreeus word die voorsetsel *min* (uit) voor *Egipte* en *die slawehuis* herhaal. In Gen. 39:20 word daar van Josef gesê: "En hy (die Potifar) het hom in die gevangenis laat sit, die plek waar die koning se gevangenes gehou word". In hierdie geval word die voorsetsel (*ʾet*) nie herhaal nie. Kaddari (1982:107) toon aan dat hierdie soort dubbele bywoordelike bepaling in die oppervlak 'n transformasie is van 'n selfstandige sin, wat in die hoofsin opgeneem word. In die eerste voorbeeld sal die sin wees: "Die slawehuis is Egipte". In die tweede voorbeeld is dit: "Die gevangenis is die plek waar die koning se gevangenes gehou word". Wanneer die onderwerp van die ingeslote sin in die oppervlak eerste staan (soos in die tweede voorbeeld) word die voorsetsel nie herhaal nie, en wanneer dit nie eerste staan nie (soos in die eerste voorbeeld) word die voorsetsel wel herhaal (Kaddari, 1982:108). Hierdie voorbeeld illustreer wel hoedat die transformasionele grammatika sinvol gebruik kan word om lig te werp op sekere sake in die Hebreeuse sintaksis, maar as 'n omvattende model is dit nog nie geskik op die wyse waarop dit tans beoefen word nie.

Dit is onmoontlik om hier 'n uiteensetting te gee van 'n volledige model hoe om die Hebreeuse sintaksis te benader. Daar word volstaan met die aanduiding van enkele probleemgebiede en rigtingwysers. In die navorsing val die klem in die jongste verlede baie sterk op die funksie en gebruik van partikels, sodat daar talle artikels verskyn wat die gebruik van 'n enkele partikel bespreek. Hiervan sal al hoe meer kennis geneem moet word, sodat die resultate van hierdie navorsing nie maar net in

tydskrifte opgesluit bly nie. Dit is een van die groot winste van die handleiding van Williams (1980) oor die Hebreeuse sintaksis dat hy probeer om 'n samevatting van die gegewens te gee.

'n Volgende saak wat dringend aandag moet kry, is die terminologie wat gebruik word. Hierna is reeds verwys, veral dat baie van die begrippe wat gebruik word, aan die klassieke grammatika ontleen is, met die gevolg dat die terminologie 'n mens op 'n syspoor kan laat beland. Hierdie saak is een van die ernstigste besware wat Sperber (1964) teen die gebruiklike Hebreeuse grammatika het. Hy gebruik as voorbeeld die terme *nomen regens* en *nomen rectum* wat gebruik word vir die twee woorde wat saam 'n genitiefverbinding uitmaak. In 'n uitdrukking soos “die perde van die koning” word in tale soos Grieks en Latyn die “van die koning” in die genitief ('n naamval) geplaas, wat dan die verhouding uitdruk. Die naamval van die woord in die genitief word deur die voorafgaande woord bepaal en word dan die *nomen rectum* (die een wat bepaal word) genoem, terwyl die woord wat die genitief bepaal, die *nomen regens* is. Sperber (1966:16) se beswaar is dat hierdie terminologie nie op Hebreeus toegepas kan word nie, omdat in Hebreeus die “van die die koning” nie 'n besondere vorm aanneem nie, maar wel die eerste woord, wat gewoonlik 'n verkorte vorm kry. Dit is wel nie 'n goeie voorbeeld nie. Die verandering van die vorm van die eerste woord in Hebreeus het grotendeels met klemtoonreëls en fonologie te doen, terwyl die genitief in Latyn en Grieks 'n morfologiese saak is met sintaktiese implikasies. Al verander die vorm van “die perde” — *sûsim* normaalweg en *sûsé* wanneer dit deur 'n genitief bepaal word - bly dit die woord wat deur 'n ander bepaal word. Sperber (1966:591) het egter ook beswaar teen die name perfektum en imperfektum vir die twee werkwoordvervoegings en wil die terminologie “suffix tense” en “prefix tense” gebruik, wat bloot verband hou met die wyse waarop die twee vervoegings van die basiese werkwoordstam afgelei word. Hierin word hy deur baie geleerdes gevolg (soos Keller, 1970:282), en sodanige neutrale terminologie het beslis voordele bo die gebruiklike perfektum en imperfektum, wat alleen maar verwarrend is vir studente wat dieselfde terminologie in Grieks en Latyn aantref, met totaal verskillende waardes.

Schweizer (1975) het dit weer teen die gebruik van naamvalsbenaminge (soos akkusatief) in 'n taal soos Hebreeus, wat die naamvalsuitgange verloor het as gevolg van die klankreëls waarvolgens Hebreeus ontwikkel

het. Hebreeus het wel vroeër sulke uitgange gehad, maar het dit reeds verloor teen die tyd van die Bybelse Hebreeus, sodat die terme vir naamvalle in die Hebreeuse grammatika eintlik 'n anachronisme is. 'n Vergelyking met ander Semitiese tale dui wel aan die Semitiese tale oor die algemeen drie naamvalle (nominatief, akkusatief en genitief) gehad het, wat gebruik is om sekere sintaktiese funksies aan te merk (volgens Moscati, 1969:94). Die funksies het gebly, maar die uitgange het verval. Williams (1980:10) wil die benamings behou bloot as 'n konvensie om die sintaktiese funksies wat vroeër deur die naamvalle uitgedruk is, saam te groepeer. Streng gesproke is dit nie korrek nie, soos hy wel toegee, maar wat is die alternatief? Indien die benamings weggegooi word, wat word in die plek daarvan gestel en wat word gemaak met die partikel 'ēt, algemeen bekend as die *nota accusativi*? Hierdie partikel dui dikwels die voorwerp van 'n werkwoord aan maar kan ook ander sake aandui wat vroeër deur die akkusatief uitgedruk is, soos 'n akkusatief in *hālā et-raglāw* (Hy was siek aan sy voete - 1 Kon. 15:23), en selfs die eintlike onderwerp van 'n passiewe werkwoord, soos in Gen. 27:42: *wayyagged ʾribkā et-dibrē ʿēšaw* (Toe is Esau se woorde aan Rebekka bekend gemaak). Wat word gemaak met die sogenaamde adverbiale akkusatief, waar 'n naamwoord sonder verbinding aan 'n voorsetsel gebruik word om 'n bywoordelike bepaling (by 'n werkwoord) uit te druk - sake soos tyd en plek? Wat van die genitiefverbinding, wat wel nie meer deur 'n naamvalsuitgang aangedui word nie maar wel deur die verkorte vorm van die woord wat deur die genitief bepaal word?

'n Ander voorbeeld van hoe 'n benaming uit die klassieke grammatika aan 'n konstruksie gegee word en sodoende 'n tipiese Semitiese segswyse verduister word, word aangetref in die grammatika van Gemser (1975:230), wat in navolging van Gensenius par. 118m-o die konstruksie wat in Arabies as *ḥal* bekend staan, onder die adverbiale akkusatief klassifiseer. In Arabies word die akkusatief gebruik om die toestand van die onderwerp of voorwerp van 'n handeling aan te dui terwyl die handeling plaasvind, byvoorbeeld *ja'a zaydun rakiban* (Zaid het ryende aangekom) en *rakibtu 'lfaraša mušrajan* (Ek het die perd opgesaal gery) (Wright ii 44 c). 'n Soortgelyke konstruksie kom meermale in Hebreeus voor, byvoorbeeld in Job. 24:7: *ʿarôm yāl inû mibb'î ʾî bûš* (Hulle het die nag nakend, sonder klere deurgebring). Hier word 'n byvoeglike naamwoord in die enkelvoud gebruik om die toestand van 'n meer-

voudige onderwerp aan te dui. Die enkelvoud dui daarop dat hier nie een of ander vorm van naamwoordelike bystelling (apposisie) gebruik word nie maar dat die byvoeglike naamwoord op 'n ander wyse bygevoeg word, 'n wyse wat tipies Semities is en wat nie reg verstaan word as dit as 'n bywoordelike akkusatief verklaar word nie (soos Gesenius par. 118 o).

Selfs die tradisionele onderskeid tussen newegeskikte en ondergeskikte sinne lewer meermale probleme op deurdat Hebreeus dikwels van neweskikking gebruik maak waar ander tale onderskikking gebruik. Baie sulke newegeskikte sinne is egter logies ondergeskik (Meek, 1955/6:40). As 'n mens van sintakties newegeskik en semanties ondergeskik praat, maak jy 'n skeiding wat in die Hebreeus nie bestaan nie.

'n Volgende probleemgebied is die funksie en gebruik van die twee vervoegings van die werkwoord in Hebreeus. Dit is so 'n omvangryke onderwerp dat dit hier nie omvattend behandel kan word nie. Die tradisionele siening dat die twee vervoegings op 'n aspek van die handeling dui (soos in Gesenius, par. 106 en 107), naamlik voltooidheid en onvoltooidheid, lewer baie probleme op, al word dit nog in 'n onlangse werk soos die grammatika van Jenni (1981:97) gehandhaaf. Aan die ander kant van die spektrum lewer Sperber (1966:594) se standpunt dat die twee vervoegings bloot afwisselend vir enige tyd gebruik kan word en dat daar geen opeenvolging van tye in Hebreeus is nie, nog meer probleme op. Dit geld steeds wanneer die belang van die konteks beklemtoon word in die bepaling van die funksie van die vervoegings in elke individuele geval sonder 'n teoretiese uitgangspunt oor die verskil tussen die twee vervoegings (soos by Hughes, 1970:13, 23). Keller dui weer die onderskeid aan deur na Aktionsart te verwys, waar die perfektum op 'n toestand dui of 'n stelling poneer terwyl die imperfektum op die begin en voortgang van 'n handeling of toestand dui (Keller, 1970:282). Die tyd moet egter steeds uit die verband afgelei word (Keller, 1970:283). Hier moet nog baie navorsing gedoen word om die probleem te belig, met 'n oplossing miskien langs die weg wat Sawyer (1976:82) aangedui het, naamlik dat elke geval benader moet word aan die hand van drie teenstellings, wat met tyd, aspek en modus te doen het. Wat tyd betref, dui die perfektum op die verlede en die imperfektum op die hede en toekoms; wat aspek betref, die perfektum op voltooidheid en die imperfektum op onvoltooidheid, en wat modus betref, die perfektum op

feite en die imperfektum 'n idee wat nie noodwendig in feite verwesenlik word nie. Gewoonlik is een van die drie teenstellings in elke geval op die voorgrond, en in die lig van die verband kan die presiese funksie in elke geval bepaal word.

Wat steeds by die bestudering van die Hebreeuse grammatika in gedagte gehou moet word, is dat die materiaal waarmee gewerk word, beperk in omvang is. Daarom sal daar altyd vergelykend gewerk moet word, deur die gebruikmaking van vergelykbare materiaal uit ander Semitiese tale (Barr, 1979:44, 5). 'n Enkele onlangse voorbeeld hiervan is Jenni (1968) se bestudering van 'n Hebreeuse stamformasie van die werkwoord in die lig van die Akkadiese werkwoordsstelsel. Hierby moet die verband van elke verskynsel in Hebreeus behoortlik in ag geneem word by die bepaling van die waarde van vorme en konstruksies vir die sintaksis (vgl. bv. Saydon, 1962:125; Soisalon-Soininen 1972:82)

Ter afsluiting van hierdie gedeelte enkele riglyne vir die bestudering en onderrig van die sintaksis van Bybelse Hebreeus, sonder volledige beredenering:

1. Die klem in die onderrig van Bybelse Hebreeus aan voornemende teologiese studente moet verskuif van morfologie (vormleer) na sintaksis as die vertrekpunt vir eksegetiese. So moet 'n duidelike band gelê word tussen die vooropleiding en die teologiese studie.
2. Die studente moet opgelei word tot die vlak waar hulle selfstandig 'n teksgedeelte sintakties kan ontleed om so primêr met die teks self om te gaan.
3. Met die modelle van die moderne Linguistiek moet rekening gehou word, maar deurgaans moet gepeog word om 'n model te ontwerp wat reg laat geskied aan Bybelse Hebreeus as 'n Semitiese taal.
4. Omdat die Bybelse Hebreeus eintlik maar 'n taalfragment is, moet steeds - ook in die sintaksis - vergelykend gewerk word sonder om gewens van ander Semitiese tale te oorspan.
5. In die terminologie moet terme vermy word wat studente kan verwarrens 'n ander inhoud van die terme in ander klassieke tale.

6. By die bestudering van sintaksis op grond van die Massoretiese teks moet die meerduidigheid van die konsonantiese teks steeds in gedagte gehou word.

#### **4. Van sintaksis na eksegese.**

Die doel waarom voornemende teologiese studente Hebreeus bestudeer, is dat dit as onderbou vir die teologie en spesifiek vir die eksegese van die Ou Testament moet dien. Deurgaans moet die teks as die praktiese beginpunt van die eksegese geld (Els, 1978:6, 7), en vir die regte beoefening daarvan moet die belang van die sintaksis beklemtoon word (Smith, 1979:8). Vir die verklaring van God se Woord is alleen eerstehandse werk goed genoeg. Die belang van die kennis van die opset en doel van elke Bybelse boek, sodat elke onderdeel van 'n boek in die lig van die geheel benader kan word, is reeds meermale beklemtoon (vgl. Coetzee, 1976). Vir die behoorlike verstaan van elke gedeelte van 'n boek is dit nodig dat die eksegeet indringend met die oorspronklike teks omgaan, met die doel om die onderlinge samehang en gedagteopbou van elke gedeelte waaroor gepreek word, te verstaan. Dit kan nie gedoen word sonder die vermoë om die gedeelte sintakties te ontleed nie. Sonder hierdie vermoë kan alleen tweedehandse en derdehandse werk gedoen word, uit kommentare alleen of uit preekbundels, sonder om selfstandig en verantwoord self te verklaar - met wel die nodige kontrole van kommentare en ander hulpmiddels.

Daar moet ook besef word dat die vermoë om selfstandig met die sintaksis te werk nie na twee jaar voorgraadse studie klaar ontwikkel is nie. Daarom moet in die verdere opleiding - met name in eksegese - deurgaans hieraan aandag gegee word, sodat die voornemende predikant na sewe jaar so opgelei is dat hy selfstandig in die verklaring van God se Woord kan werk om so die evangelie duidelik te kan uitdra. In die navorsing oor en onderrig van die sintaksis van Bybelse Hebreeus moet hierdie eintlike oogmerk steeds in die oog gehou word. Die band tussen die vooropleiding van teologiese studente en die teologiese studie self moet uitgebou word, sodat die onderrig steeds doelgerig en funksioneel sal wees. Die onopgeloste probleme van die Hebreeuse sintaksis sal nie oornag verdwyn nie, die worsteling van studente met 'n vreemde alfabet en taal sal bly, die onderrig sal nie altyd op geoliede wiele rol nie - maar al hierdie arbeid is uitermate sinvol wanneer dit geskied met

die oog op die voortgang van die blye boodskap.



## BRONNELYS

- ANDERSON, F.I. 1970. The Hebrew verbless clause in the Pentateuch. Nashville : Abingdon Press (JBL Monograph, Series XIV).
- BACHER, W. 1974. Die Anfänge der hebräische Grammatik. Amsterdam : Benjamins. (Amsterdam studies in the theory and history of linguistic science, 4.)
- BARR, J. 1979. Semitic Philology and the interpretation of the Old Testament (*In* Anderson, G.W. *ed.* Tradition and interpretation. Oxford : Clarendon Press, 31-33).
- BEYER, K. 1969. Althebräische Grammatik; Laut- und Formenlehre. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht.
- COETZEE, J.C. 'n Pleidooi vir vernuwing in die Besondere Kanoniek toegelig aan die hand van die Evangelie van Johannes. Potchefstroom : PU vir CHO. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO, H 29.)
- DEIST, F.E. Towards the text of the Old Testament. Pretoria : D.R. Church Booksellers.
- ELS, P.J.J.S. 1978. "Laat die teks spreek ..." Enkele riglyne ter illustrasie van die waardevolle bydrae wat die Algemene Taalwetenskap, by name die Semantiek, tot die Eksegese van die Ou Testament kan lewer. Bellville : Universiteit van Wes-Kaapland. (UWK Publikasies, A 18.)
- GEMSER, B. 1975. Hebreeuse spraakkuns. 3de uitgawe. Pretoria : Van Schaik.
- GESENIUS, W. 1966. Gesenius' Hebrew grammar, edited by E. Kautzsch, revised by A.E. Cowley. 2nd English edition. Oxford : Clarendon Press.
- GROSS, W. 1976. Verbform und Funktion. "wayyiqtol" für die Gegenwart? St. Ottilien : Eos Verlag. (Arbeiten zu Text und Sprache im Alten Testament 1.)
- HUGHES, J.A. 1970. Another look at the Hebrew tenses. *Journal of Near Eastern Studies*, 29:12-24.
- JENNI, E. 1968. Das hebräische Pi'el. Zürich : EVZ-Verlag.
- JENNI, E. 1981. Lehrbuch der hebräischen Sprache des alten Testaments. 2 Aufl. Basel : Helbing und Lichtenhahn.
- JOHNSON, B. 1979. Hebräisches Perfekt und Imperfekt mit vorangehenden w°. Lund : CWK Gleerup.
- KADDARI, M.Z. 1982. The double adverb in Biblical Hebrew. *Semitics*,

8:106-123.

- KELLER, C-A. 1970. Probleme des hebräischen Sprachunterrichts. *Vetus Testamentum*, 20:278-286.
- MEEK, T.J. 1955/6. Result and purpose clauses in Hebrew. *Jewish Quarterly Review*, 46:40-43.
- MOSCATI, S. ed. 1969. An introduction to the comparative grammar of the Semitic languages, 2nd printing. Weisbaden : Otto Harrassowitz. (Porta Linguarum Orientalum VI.)
- MUROAKA, T. 1978. On the so-called *Dativus Ethicus* in Hebrew. *Journal of Theological Studies*, 29:494-498.
- RICHTER, W. 1971. Exegese als Literaturwissenschaft. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht.
- RICHTER, W. 1978. Grundlagen einer althebräischen Grammatik I. St. Ottilien : Eos Verlag.
- RICHTER, W. 1980. Grundlagen einer althebräischen Grammatik III. St. Ottilien : Eos Verlag.
- SAWYER, J.F.A. 1976. A modern introduction to Biblical Hebrew. Stockfield : Oriel Press.
- SAYDON, P.P. 1962. The conative imperfect in Hebrew. *Vetus Testamentum*, 12:124-126.
- SCHWEIZER, H. 1975. Was ist ein Akkusativ? - Ein Beitrag zur Grammatiktheorie. *Zeitschrift für die Alttestamentliche Wissenschaft*, 87:133-146.
- SMITH, P.J. 1979. Die doel en metode van onderrig van Bybelse Hebreeus as dienskursus vir die Teologie. Bellville : Universiteit van Wes-Kaapland. (UWK Publikasies A 33.)
- SOISALON-SOININEN, ILMARI. 1972. Der Infinitivus constructus mit / im Hebräischen. *Vetus Testamentum*, 22:82-90.
- SPERBER, A. 1966. A historical grammar of Biblical Hebrew. Leiden : Brill.
- ULLENDORF, E. 1977. Is Biblical Hebrew a language? Wiesbaden : Otto Harrassowitz.
- WHITLEY, C.F. 1974/5. The Hebrew emphatic particle / with pronominal suffixes. *Jewish Quarterly Review*, 65: 225-228.
- WILLIAMS, R.J. 1980. Hebrew Syntax. An outline. 2nd ed. Toronto : University Press.